**SUBJECT LINE:**

DATABONDELS, AANVANGSTYE VIR TOETSE, TERUGKEER NA KOSHUISE EN RENTEVAKANSIE

12 Augustus 2020

Beste studente

Ons tweede semester is reeds goed op dreef. Fakulteite se terugvoer dui daarop dat dosente al hoe vaardiger en gemakliker met die aanlyn-onderrigplatform word. Die nuwe manier van werk was inderdaad vir die hele kampusgemeenskap 'n leer- en groeiproses. Ek vertrou dat ons studente nie net gemakliker is met die SUNLearn-platform nie, maar ook met die verskillende maniere van leer. Let asb op die volgende:

**Bevestig selfoonnommer weer om databondels vir September 2020 te verseker** Die Universiteit Stellenbosch (US) gaan weer vir studente in Suid-Afrika databondels van MTN, Vodacom, Telkom en CellC aankoop vir September 2020 (studente by die Fakulteit Krygskunde, studente wat steeds in koshuise is of na koshuise teruggekeer het, studente met internasionale selfoonnommers, studente wat kortkursusse volg en postdoktorale genote uitgesluit).

Om vir hierdie databondels te kwalifiseer, moet jy jou selfoonnommer weer op jou persoonlike inligting-bladsy bevestig. Volg hierdie **skakel** na die blad. Om te bevestig, moet jy op die *Update Information*-knoppie onder aan die bladsy klik en maak seker dat die kennisgewing die datum aandui waarop jy jou inligting opgedateer het. Slegs selfoonnommers wat ná 15 Mei 2020 en voor 17:00 op 21 Augustus 2020 bevestig is, sal na die selfoondiensverskaffers aangestuur word sodat databondels gelaai kan word.

BELANGRIK: Indien jy nie jou selfoonnommer bevestig nie, sal jy nie 'n databondel vir September 2020 ontvang nie. Ongelukkig kan geen uitsonderings gemaak word nie en geen verdere korrespondensie sal oor die September-databondels gevoer word indien jy die sperdatum misloop of nie die korrekte prosedure volg nie. Volg asb die instruksies vir die bevestiging van jou selfoonnommer noukeurig soos hierbo aangedui.

Die nul-tariewe vir SUNLearn bly van krag.

**Terugkeer na koshuise vroeër of later as wat op uitnodiging aangedui is**Indien jy een van die studente is wat teruggenooi is na universiteitsverblyf, moet jy asb kennis neem dat die datum waarop jy werklik na jou koshuis terugkeer, jou studenterekening en selfoon- databondels sal beïnvloed. Jou studenterekening sal geaktiveer word op die dag wat jy na jou koshuis terugkeer en van dan af kwalifiseer jy nie meer vir verdere databondels nie.

Indien jy **voor** die datum wat op jou uitnodiging vir terugkeer aangedui is, na jou koshuis wil terugkeer, moet jy met jou **koshuishoof** in verbinding tree om die nodige reëlings te tref. Aangesien ons tans op vlak 3 van die risikobepalingsregulasies is, moet verpligte protokols voor jou terugkeer gevolg word om te verseker dat dit veilig is vir jou om terug te keer.

Indien jy **op 'n latere datum** as wat op jou uitnodiging aangedui is, wil terugkeer, moet jou die **Koshuisplasingskantoor** by return@sun.ac.za in kennis stel. Indien jy dit nie die Koshuisplasingskantoor in kennis stel van jou latere terugkeerdatum nie, sal jou studenterekening vóór jou werklike terugkeer geaktiveer word en sal jy nie 'n databondel ontvang nie, aangesien die stelsel sal aandui dat jy reeds by 'n US-koshuis inwoon.

**Aangepaste aanvangstye vir midsemester-toetse**

**DRINGEND!** Let asb op die volgende rakende die **aanvangstye vir die aanlyn-assesserings** gedurende die komende toetstydperk:

- Om te voorkom dat te veel gebruikers gelyktydig op SUNLearn moet inteken, sal die **aanvangstye vir assesserings aangepas word. Die aangepaste tye sal binnekort op die amptelike rooster verskyn.**
- Indien GEEN aanvangstyd aangedui word nie, sal die dosent julle via 'n ander platform in kennis stel.
- **Gaan asb die aanvangstye vir jou assesserings vroegtydig en akkuraat na,** soos dit op jou rooster op die web verskyn. Klik hier vir jou rooster.
- Indien jy probleme ondervind om toegang tot SUNLearn te kry, skakel asb: 021 808 2222 of gaan na http://learnhelp.sun.ac.za.

***Let asb op:*** *Die aanvangstye vir die November/Desember 2020-assesserings sal ook aangepas en later bekendgemaak word.*

**Rentevakansie vir agterstallige rekeninge uitgestel tot einde September 2020**Die Universiteit Stellenbosch het gedurende die eerste semester 'n aantal verligtingsmaatreëls vir betaling aangekondig om ons studente en hul finansiële borge te help. Een van die maatreëls was die kwytskelding van rente wat op agterstallige rekeninge gehef word vir **vier maande** vanaf 1 April tot 31 Julie 2020. Rente wat reeds vir April gehef was ten tye van die aankondiging, is omgekeer. Die US hef gewoonlik rente teen primakoers op agterstallige rekeninge. Hierdie vier maande lange rentevakansie is nou vir nog twee maande verleng tot 30 September 2020.

Ondanks die ondervinding wat ons in leer en onderrig deur middel van platforms en prosesse opgedoen het, asook die aangepaste sosiale interaksie wat deur die realiteite van die COVID-19-pandemie genoodsaak is, besef ons dat ons leer- en lewensuitdagings moontlik onvoorsiene gevolge kan hê. Persoonlike omstandighede, lang tydperke van sosiale isolasie, aanpassing by nuwe maniere om akademiese inhoud te lewer en die oorwegende negatiewe nuus kan moontlik 'n diepgaande invloed op elkeen van ons hê. Gebruik asb die verskillende ondersteuningsdienste wat tot ons studente se beskikking is – tegnologies, finansieel, bedryfsgewys en emosioneel. Inligting is op die COVID-19-webblad beskikbaar.

Ek wens julle alles van die beste toe vir die midsemester-assesserings wat later in Augustus plaasvind.

**Prof Stan du Plessis**
Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting